

PolyMathic

Die beste eksamen voorbereiding
Kry 20x vraestelle, 20x Memos en
Videos waarin elke vraag stap-vir-stap
verduidelik word vir slegs R25pm

Vir meer inligting gaan na:
PolyMathic.co.za of
Whatsapp: 081 697 6555

Let op: Jy kan hierdie vraestel sowel as 20 ander, met memo's EN
aanlyn Video's waarin elke vraag stap-vir-stap opgelos en,
in-diepte, verduidelik word kry vir slegs R25pm.

Indien jy wil sien hoe dit lyk kan jy hierdie skakel volg:

polymathic.co.za/courses/graad-5-wiskunde

Klik op "vraestel 1" en klik dan op enige van die vrae om te
sien hoe die video's lyk.

Graad 5 Wiskunde – Kwartaal 1 Toets

Totaal: 75

- **Jy gaan die meeste baat vind deur hierdie vraestel uit te werk asof jy in die eksamen sit. Hom dan te merk met die memo en DAARNA na die video oplossings te kyk (Video oplossings is slegs beskikbaar vir leerders wat ons amptelike pakket gekoop het).**
- Die temas wat gedek word, word hieronder aangedui, doen slegs die temas wat in jou afbakening is – Let ook op dat van die temas oorvleuel.
- Hierdie is 'n voorbeeld toets, 'n onderwyser hoef nie die temas in enige spesifieke orde te hanteer in klas nie en kon vir die leerders spesifieke “tips” gegee het oor die afdelings wat hulle belangriker ag – gaan weer deur jou kind se huiswerk-boekie en maak seker julle mis nie iets nie.

Temas:

1. Hoofrekeninge
2. Heelgetalle (Tel, ordening, vergelyking, voorstelling, plekwaarde)
3. Getallesinne
4. Heelgetalle (optelling en aftrekking)
5. Numeriese patrone
6. Heelgetalle (maal en deel)
7. Tyd
8. Datahantering

Hierdie Vraestel bevat nie 2D Vorms, kapasiteit en Volume nie.

Vraag 1 – Wat is die waarde van die **vetgedrukte** getalle (Tema 2) [\[Video 1\]](#) (3)

1. **3187**
2. **8723**
3. **497**

Vraag 2 – Wat is die plekwaarde van die **vetgedrukte** getalle (Tema 2) [\[Video 1\]](#) (3)

1. **8952**
2. **1563**
3. **1216**

Vraag 3 – Hoofrekeninge (Tema 1) [\[Video 2\]](#) (10)

1. Halveer 74
2. $120 \div 40 = \underline{\hspace{2cm}}$
3. $803 \times 0 = \underline{\hspace{2cm}}$
4. $498 \times 1 = \underline{\hspace{2cm}}$
5. $7 \times 3 = \underline{\hspace{2cm}}$
6. $23 \times 8 = \underline{\hspace{2cm}}$
7. $8 \div 1 = \underline{\hspace{2cm}}$
8. $732 \div 0 = \underline{\hspace{2cm}}$
9. $(13 \times 100) + (18 \times 10) = \underline{\hspace{2cm}}$
10. $52 \div 4 = \underline{\hspace{2cm}}$

Vraag 4 – Rond af tot die getal tussen hakkies (Tema 2) [\[Video 3\]](#) (5)

1. 1156 (10)
2. 234 (10)
3. 6231 (100)
4. 9950 (100)
5. 7031 (1000)

Vraag 5 – Vul in; groter as, kleiner as of gelyk aan (Tema 2) [\[Video 4\]](#) (3)

1. 9961 _____ 9661
2. $999 + 1$ _____ 1001
3. $349 + 11$ _____ $470 - 110$

Vraag 6 - (Tema 2) [\[Video 5\]](#) (2)

1. Rangskik in stygende orde: 966 ; 669 ; 969 ; 996; 696 ; 699
2. Rangskik in dalende orde: 2031 ; 2318 ; 2183 ; 2881 ; 2133 ; 2018


Vraag 7 – Getalsinne (Tema 3) [\[Video 6\]](#) (6)

1. Jy het R332 gemaak by die skool se “Entrepreneursdag” en wil graag ’n speletjie koop wat R735 kos. Hoeveel geld het jy nog nodig?
2. By die winkel sien jy daar is ’n “special” op jou speletjie. Die Special sê dat as jy 3 van die speletjies koop dan kos dit R2100. Hoeveel sal jy spaar op 1 speletjie as jy die 3 koop liewer as 1?
3. Jou ma laai jou 14:05 by ekstra Wiskundeklas af. Jy het ekstra klasse vir $2\frac{1}{4}$ ure daarna speel jy vir 10minute buite voor jou ma jou moet kom oplaai. Jou ma ry van jou klas af 10 min tot by die winkels. Sy spandeer 01:22 by die winkels. Daarna gaan laai sy jou sussie by die huis af en dit neem haar 55min. Sy ry dan om jou te gaan oplaai en die rit neem 8min tot by jou. Moes jy vir jou ma wag of moes sy vir jou wag? Vir hoe lank?

Vraag 8 – Bereken/Voltooi die volgende deur die metode tussen hakkies te gebruik (Tema 4 en Tema 6) [\[Video 7\]](#) (12)

1. $3492 + 6101$ (enige metode)
2. $96002 - 94093$ (enige metode)
3. 55×32 (verdubbeling en halvering)
4. $639 \div 5$ (enige metode)
5. 61×23 (skat deur af te rond na naaste 10)
6. 61×23 (enige metode)

Vraag 9 – Voltooi die vloeioptrone (Tema 5) [\[Video 8\]](#) (6)



Vraag 10 – Voltooi die Tabel (Tema 5) [\[Video 9\]](#) (4)

Invoergetal: 1 2 3 4 10 ?

Uitvoergetal: 7 11 ? ? ? 59

Reël: $x \cdot 4 + 3$


Vraag 11 - Voltooi die Patroon (Tema 5) [\[Video 10\]](#) (3)

- 1301 ; 1303 ; 1305 ; _____ ; _____
- 843 ; 840 ; 837 ; _____ ; _____
- _____ ; _____ ; _____ ; 200 ; 196 ; 192


Vraag 12 – Tyd (Tema 7) [\[Video 11\]](#) (12)

1. Skryf **23 oor 9, nm**. As 24-uur digitale tyd.
2. Skryf in woorde: 09:33
3. Susan daag 14:15 op vir oefening. Hulle begin 10 minute later oefen en oefen dan vir 1 uur en 15 minute. Hoe laat moet haar ma haar kom oplaai (as sy direk na oefening wil huis toe gaan)?
4. Hoeveel tyd gaan verby tussen Maandag 4:20 nm. en Dinsdag 02:10 vm?
5. Hoeveel sekondes is daar in 6 minute?
6. Hoeveel minute is daar in $8\frac{1}{4}$ ure?
7. Skryf die tyd op die horlosies in woorde.

1.



2.



3.



4.



Vraag 13 – Datahantering (Tema 8) [\[Video 12\]](#) (6)

Daar is 40 leerders in 'n klas. 'n Juffrou doen 'n opname om te sien van watter sportsoorte die leerders in haar klas die meeste hou. Die resultate lyk soos volg:

Netbal: *****

Rugby: **

Krieket: **

Hokkie: ****

Ander: *****

Waar elke * 2 leerders voorstel.

1. Watter sport is die gewildste?
2. Hoeveel leerders was afwesig toe die juffrou die opname gemaak het?
3. Hoeveel leerders verkies hokkie?
4. Hoeveel meer leerders verkies Netbal as Rugby?
5. Gee 'n voorbeeld van 'n sport wat kan tel as "ander".
6. Gee een rede hoekom jy dink "Ander" is so gewild.